# ONS UNIVERSITEITE

191.A.1 (42)

Deur Professor H.B. Thom

(Rektor, Universiteit van Stellenbosch)

Dit was my voorreg om gedurende die afgelope maand verskeie konferensies oor universiteitsake in die buiteland by te woon, en daaraan deel te neem. In die loop van tien dae het bv. die groot vyfjaarlikse vergadering van Statebonds-universiteite in Londen plaasgevind, wat deur sowat 600 universiteitsmense, d.w.s. hoofde en dosente, bygewoon is, en waarop ook 'n verskeidenheid van universiteitsorganisasies van lande buite die Statebond verteenwoordig was.

Wanneer 'n mens in die buiteland is en met gesaghebbende buitelanders gedagtes wissel, kry jy die kans om jou eie land, met sy besondere probleme en verskynsels, meer objektief gade te slaan. Dis of 'n mens jou 'n bietjie losmaak van die dinge wat jou in jou eie land bind, en dan slaag jy daarin om jou eie land - miskien deur bewuste en onbewuste vergelyking met wat jy in die vreemde vind - meer in perspektief te sien.

'n Hele paar dinge het my baie duidelik opgeval.

Die vernaamste vraagstukke waarmee ons vandag in ons universiteitswese te kampe het, is nie net ons vraagstukke nie, dog die vraagstukke van die hele Westerse wêreld. Vrywel oral word bv. gekla oor die moeilikhede wat snel groeiende studentetalle meebring; oor 'n tekort aan deskundige universiteitsdosente veral in vakrigtings soos Skeikunde, Wiskunde, Fisika, Ingenieurswese en Geneeskunde; oor 'n tekort aan fondse vir sowel kapitale as lopende uitgawes van universiteite; en oor 'n gebrek aan fasiliteite vir navorsing aan universiteite. Op baie plekke word ook geworstel met probleme betreffende die voorbereiding van studente vir hulle universiteitstudie, voorligting aan studente op universiteit, en die samestelling van kursusse in verskillende fakulteite.

Dit het/.........

Dit het my ook opgeval dat ons in Suid-Afrika, veral in die jongste jare, in vergelyking met Statebondslande soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland, op universiteitsgebied groot vordering gemaak het, en dat ons vir die universiteite van genoemde lande geensins hoef terug te staan nie. Kom ons by universiteite van Statebondslande soos Indië, Pakistan en Ceylon, om nie eers van die swart Afrika-state te praat nie, dan is dit duidelik dat ons vir verreweg die meeste van hulle baie ver vooruit is.

Die gehalte van ons dosente, en hulle werk, vergelyk baie goed met dié van die eersgenoemde drie Statebondslande, en ook met dié van Groot-Brittanje self. Dit is wel waar dat sekere universiteite van Groot-Brittanje meer fondse tot hulle beskikking het as ons, en dus makliker duur toerusting vir navorsing kan aankoop, dog owerigens staan ons nie agter nie.

Wat die gehalte van ons studente betref, vind 'n mens dat die studente van die Vasteland van Europa en van Groot-Brittanje oor die algemeen ietwat ouer en ryper as ons studente is wanneer hulle na die universiteit kom. Vergelyk ons egter met Statebondslande soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland, dan is daar vrywel geen verskil tussen hulle en ons nie. As ons in hierdie verband meer bepaald op Stellenbosch let, wat ek vanselfsprekend die beste ken en waar ongeveer die helfte van die studente van die Universiteit eersteklasmatrikulante is, dan sou ek sê dat, suiwer net wat die gehalte van die studente-materiaal betref, 'n mens seker baie min Statebondsuniversiteite sal kry wat hiermee kan vergelyk.

Dit is goed om te weet dat ons universiteite by dié van die buiteland kan kers vashou. Hierdeur mag ons egter nie selfvoldaan word nie; inteendeel, dit moet ons aanspoor om nog steeds verder vorentoe te beur.